

B Lees en kyk

Aktiwiteit 2 Lees en kyk: 'n Jeugroman en 'n strokiesprent

Pre-lees: Leesstrategie

Die soort teks wat 'n mens lees, bepaal hóé jy dit lees. Dink aan die laaste storie of boek wat jy gelees het:

- Wie was die belangrikste karakter?
- Wat het met die persoon gebeur?
- Hoe het die verhaal geëindig?

Wanneer jy 'n jeugverhaal of -roman lees, lees jy om agter te kom wie die hoofkarakters is, wat met hulle gebeur en waarom dit met hulle gebeur. Jy maak kennis met hul probleme of avonture en wonder hoe dit gaan eindig.

Kenmerke van 'n jeugroman

In hierdie soort prosatekste is daar altyd 'n eerste persoon- of 'n derde persoonverteller. Die **eerste persoonverteller** is die karakter self wat die storie vertel en word ook die ek-verteller genoem. In die derde persoon verwys ons na die karakter as "hy/sy". Die **derde persoonverteller** beskryf die gebeure vanaf die hoofkarakter se oogpunt en is dan die **fokalisator**.

Metodes om die karakter voor te stel:

- Die verteller beskryf die uiterlike en die persoonlikheid van die karakter.
- Lesers kan eienskappe van die karakter aflei uit die beskrywing van die handeling (optrede) van die karakter.
- Die gedagtes van die karakter word beskryf, of die karakter kan direk sy/haar gedagtes oordra.
- Daar word vertel wat ander persone van die karakter sê en die karakter se beleving van sy/haar ruimte (plek) word beskryf.

Die **ruimte (plek en tyd)** waarin die verhaal afspeel, word beskryf en is dikwels in 'n jeugverhaal die huis, die skool en nog 'n ander plek.

Die **gebeure** of **intrige** neem dikwels die patroon aan van die karakter wat iets besonders beleef ('n probleem, 'n avontuur, 'n reis) wat 'n belangrike invloed op die karakter het en tot 'n sekere verandering, oplossing, begrip of eindpunt lei. In hierdie gebeure ervaar die karakter dikwels **konflik (botsing)** met ander karakters, die ouer generasie, die ruimte (soos die skool en ouerhuis) en met hom- of haarself (innerlike konflik).

Die leser kan dink oor die **boodskap** wat die verhaal oordra, byvoorbeeld dat dit goed is om aan te hou tot die einde, dat vriendskap kosbaar is. Elke leser kan self besluit wat die **tema** van die verhaal is.

Lees

Lees die uittreksel uit die eerste hoofstuk van die jeugroman, *Betower*, op bladsy 64 en probeer om af te lei waaroor hierdie jeugroman gaan handel.

Woordeskat

ruwe – growwe (soos 'n oppervlak)


groewe – kepe in die oppervlak (van die bas)

stekelrige – vol stekels, dinge wat kan steek

verstrengel – inmeekaargevleg

Die fokalisator is die een deur wie se oë gefokus en ervaar word.

Konflik is uiterlik wanneer dit uiterlik sigbaar is, soos oorlog voer, baklei of rusie maak.



Hoofstuk 1: Die teken

Verband tussen
boektitel en
hoofstuktitel

Spanning

Boom bied
skuiling

Kontras
met Nadia

Sprokies-
wêreld

Die besluit om
voort te gaan.

Herhaling
van sprokie

Wending

Die oggendson bak op Nadia se rug. Sy staan met bewende hart op die
sypaadjie voor die nuwe skool. Voor haar hang die maan nog glinster-
blink, amper deurskynend. "Dis 'n teken," dink sy. "Iets gaan gebeur."

Dis wat haar ma sou gesê het as sy nou hier was. Daarna sou sy 'n
sigaret aangesteek het en diep ingedagte daaraan geteug het. Die dink
sou in haar oë gespeel het. Dalk sou sy haar vingers stadig deur haar
hare gedraai het of aan 'n droë velletjie op haar lippe getrek-trek het.

"Lekker boskaskie," grinnik 'n meisie toe sy verby Nadia loop.
"Seker nuut by die skool," sê haar vriendin. "Wag maar totdat die
onnies haar beetkry."

Nadia vat selfbewus aan haar bos hare en tree vinnig weg.
Haar maag maak 'n nare draai. Sy voel nog net so bang soos toe sy
vanoggend opgestaan het. Sy raak bewus van iets grofs wat teen haar
elmoog skuur. Haar asem ruk, maar dan sien sy dit is net 'n boom
se ruwe bas. Versigtig skuif sy agter die boom in en druk haar lyf plat
teen die dik stam. Sy haal diep asem. "Jy kan dit doen, Nadia," sê sy
vir haarself.

Steeds angstig loer sy om die boom. Die twee meisies het deur
Hoërskool Magoebaskloof se ysterhekke verdwyn. Ander kinders loop
ook nou in groepies of een-een by die hek in. Ma's en pa's waai uit hulle
motors. Helder stemme groet mekaar. Seuns lag. Meisies gesels.

Nog net daardie twee meisies het haar raakgesien. Dalk het sy
onsigbaar geword, kom die gedagte by Nadia op. Kan dit wees?

Sy kyk vinnig deur die boomtakke op na die lug. As die son en die
maan saam in die lug hang, kan enigiets gebeur. Dalk kan 'n mens selfs
onsigbaar word.

Die skoolklok begin lui. Die skel klank kramp binne Nadia. Haar vinger-
punte glip vir oulaas tussen die boomstam se growwe groewe deur.

Sy wens sy kon heeldag hier bly staan. Die eggo van die skoolklok dryf
nog 'n oomblik lank in die lug en toe is dit stil.

... Die skoolgebou se sandsteenmure laat haar aan 'n kasteel dink.
Die rankvingers van die klimplante is soos die stekelrige nes waarin
Doringrosie se kasteel verstrengel geraak het ...

"Jy is laat!" skree 'n stem uit een van die klaskamers, asof iemand die
sprokie se woorde in haar kop eggo.

Nadia is nie seker of die persoon met haar gepraat het nie. Sy kyk
op na die blink skoolvensters en met versigtige treë durf sy die lang
paadjie na die skoolgebou aan.

Maar sy kom nie ver nie. Voetstappe klap op die sementpaadjie
agter haar. 'n Seun kom verbygehardloop en gaan staan dan skielik.

Verteller en
fokalisator

Ma afwesig

Konflik wag
vorentoe

Kontras tussen
skool en boom

Let op tegniek
van bekend-
stelling

(Uit: Betower, Fanie Viljoen, LAPA Uitgewers, 2012)


Post-lees: Verstaan die teks

a. Bespreek die kenmerke van 'n jeugroman en beantwoord dan die volgende vrae

1. Watter **soort** verteller kom voor in hierdie jeugroman?
2. Wie is volgens die teksgedeelte die **hoofkarakter** in hierdie roman?
3. Binne watter **ruimte** speel hierdie inleidende hoofstuk af?
4. Watter **konflik** (botsing) is reeds in die begin duidelik?
5. Watter twee probleme het die hoofkarakter volgens die eerste hoofstuk?

b. Beantwoord die volgende begripsvrae wat op teks 1 gebaseer is

1. Die titel van die boek verwys na "Betower" en die eerste hoofstuk na "teken". Wat verwag jy van so 'n verhaal?
2. Dink jy Nadia het 'n goeie verbeelding? Hoekom sê jy so?
3. Waarvoor is Nadia bang? Is dit natuurlik om daarvoor bang te wees?
4. Waarom dink Nadia aan haar ma? Noem twee redes.
5. Wat gaan volgens die meisies konflik veroorsaak by die skool?
6. Watter rol speel die boom en die bas in Nadia se ervaring? Hoe gebruik sy dit?
7. Kan jy iets uit Nadia se ervaring van die boom en bas aflei oor haar verbintenis met die natuur?
8. Hoekom dink Nadia aan die hekke as "ysterhekke"?
9. Hoe verskil die ander leerders se aankoms by die skool van Nadia se ervaring?
10. Watter bewyse is daar dat Nadia maklik in 'n sprokieswêreld kan verdwyn?
11. Watter ooreenkomste is daar tussen die seun wat skielik verskyn en Nadia?
12. Dink jy die seun gaan ook 'n belangrike rol in die verhaal speel? Hoekom dink jy so?



Teks 2

Pre-lees

1. Van watter strokiesprente hou julle? Maak 'n klasopname.
2. Maak 'n lys van die stereotipes wat in jul strokiesprente by nommer 1 voorkom.



Stereotipes is uitbeeldings van groepe mense asof hulle almal dieselfde is.



Samestellings is woorde wat uit meer as een basisvorm of stam bestaan, soos: **tuinhek** (tuin + hek); **swembad** (swem + bad).

Die laaste deel van die samestelling noem ons die **kern**. Die eerste deel is die **bepaler**. Byvoorbeeld: in **swembad** is **bad** die kern en **swem** is die bepaler van watter soort bad dit is. Die kern neem ook die meervoudsvorm en verkleiningsvorm, soos in **tuinhekke** en **swembadjie**.

Post-lees: Verstaan die teks

a. Lees hierdie kenmerke van strokiesprente saam met 'n maat en beantwoord dan die vrae wat daarna volg

- Strokiesprente is dikwels kort.
- Daar is min dialoog en die sinne is kort.
- Die leser het nie aan die begin al die inligting nie.
- Die direkte rede of gedagtes word in spraakborrels weergegee.
- Net 'n enkele situasie word uitgebeeld.
- Die betekenis moet dikwels deur die leser afgelei word. Dit staan nie direk daar nie.

1. Kan julle al hierdie eienskappe in die strokiesprent op bladsy 65 identifiseer?
2. Uit hoeveel raampies bestaan die strokiesprent?
3. Hoeveel spraakborrels is daar per raam?
4. Sou die raampies ook in 'n ander volgorde kon verskyn het met dieselfde betekenis? Toets verskillende volgordes.

b. Beantwoord die volgende begripsvrae oor teks 2

1. Waar speel die gebeure af?
2. Wat kan 'n mens aflei oor die verhouding tussen die twee mans?
3. Wat sê hulle uiterlike van hul karakters?
4. Haat die een spreker regtig sy buurman of is dit net 'n manier van sê? Motiveer jou antwoord.
5. Watter eienskap van die buurman word duidelik beklemtoon?
6. Om watter moontlike redes hou die een spreker nie van hierdie buurman se gewoontes nie?

Aktiwiteit 3 Vat saam

Vergelyk teks 1 en teks 2.

1. Hoe verskil die vorm van die twee tekste?
2. Wat is die boodskap van elke teks?
3. Watter teks het jy die meeste geniet? Motiveer jou antwoord.

Aktiwiteit 4 Taal in konteks

Die volgende vrae is op teks 1 op bladsy 64 gebaseer.

1. Skryf die samestellings uit die teks neer wat begin met: glinster, self, boom en skool.
2. Skryf een voorbeeld uit die teks neer waar die samestelling 'n meervoudsvorm het en een waar dit 'n verkleiningsvorm het.

Wenk: Wanneer jy woorde op hierdie manier ondersoek, help dit jou om hul betekenis te verstaan.

C Oefen taal

Taalfokus 1: Sinonieme en antonieme

Sinonieme is woorde wat min of meer dieselfde betekenis kan hê binne dieselfde sin of omstandighede (konteks). In "Dit was 'n **lekker** staptog in die wildernis", kan **lekker** vervang word met **aangename**, **avontuurlike** of **pragtige** as sinonieme. In "Sy het 'n **lekker** ete voorberei na die staptog", kan **lekker** nie vervang word met **avontuurlike** of **pragtige** as sinonieme nie. **Smaaklike** of **heerlike** kan gebruik word.

Antonieme is woorde wat binne dieselfde sin of omstandighede teenoorgesteldes aandui. "Die **lekker** staptog" kan beskryf word as die **vervelige** of **oninteressante** staptog. In "Die **lekker** ete" is **smaaklose** of **verbeeldinglose** antonieme vir **lekker**. Daar kan dus meer as een gepaste sinoniem of antoniem wees.

1. Vervang die woorde in vetdruk met die gepaste **sinonieme** uit die woorde tussen hakies.
 - a) Die inligting op die kaart is maar baie **dun** (smal, yl, min).
 - b) Sy is 'n **bekende** (beroemde, berugte, gerespekteerde, goeie) sportman.
 - c) Sy is 'n **uitstekende** (vaardige, handige, bekwame, ervare) toergids wat jou na al die regte plekke lei.
 - d) Op 'n lang staptog kan 'n mens goeie waardes by jou kinders **kweek** (aanleer, koester, aanmoedig).
2. Vervang die woorde tussen hakies met gepaste **antonieme**.
 - a) Jy kan saam met hom ry, maar ek weet nie hoe (ringtingvas) hy is nie.
 - b) Sy was dus heeltemal (vorbereid) daarop dat hulle kan verdwaal.
 - c) Ek dink die weer is bietjie onvoorspelbaar. Dit is al weer aan die (toetrek).
 - d) Kyk hoe (gespanne) is hy nou in die vreemde stad. Ek het dit nie van hom verwag nie.



Taalfokus 2: Die enkelvoudige sin

Enkelvoudige sinne is sinne wat net een gesegde het. Die sinne bestaan gewoonlik uit 'n onderwerp, gesegde en voorwerp. Dit hoef nie kort sinne te wees nie, want dit kan uitgebrei word met bywoordelike en byvoeglike bepalings wat die onderwerp en voorwerp of ander elemente uitbrei.

Voorbeelde:

- Die ma het haar dogter verras.
Onderwerp: **Die ma** Gesegde: **het verras** Voorwerp: **haar dogter**
- Die ma (van 'n tienderjarige) het (tydens die groot feestelikheid) haar dogter (van 17) (met 'n vliegtuigkaartjie na Londen) verras.
Onderwerp: **Die ma** Gesegde: **het verras** Voorwerp: **haar dogter**

Taalfokus 2: Die enkelvoudige sin (vervolg)

Daar is steeds net een gesegde. Die ander gedeeltes tussen hakies is byvoeglike en bywoordelike bepalings:

- van 'n tienerjarige – byvoeglik by "ma"
- tydens die groot feestelikheid – bywoordelik by "verras"
- van 17 – byvoeglik by "dogter"
- met 'n vliegtuigkaartjie na Londen – bywoordelik by "verras"

Die sin "My ma het my, toe ek verjaar het, verras met 'n vliegtuigkaartjie" is nie meer 'n enkelvoudige sin nie, want daar is twee gesegdes, naamlik **verras** en **het verjaar**. Daar is dus 'n hoofsin: "My ma het my verras met 'n vliegtuigkaartjie", en 'n bywoordelike bysin van tyd: "toe ek verjaar het".



3. Onderstreep die **gesegdes** in elke sin. Besluit of dit enkelvoudig is of nie.
 - a) Hy gebruik 'n kaart vir die beplanning van die roete.
 - b) Sy reis per motor na haar vakansiebestemming.
 - c) Die rigting is noordwes as jy met jou rug na die kerktooring staan.
 - d) Ek wonder hoekom hy altyd Johannesburg toe gaan.
4. Skryf die **onderwerp**, **voorwerp**, **gesegde** en **bepalings** van die bostaande sinne in 'n tabel neer. Onthou: daar kan meer as een per sin wees.

	Onderwerp	Gesegde	Voorwerp	Bepaling
a)				
b)				
c)				
d)				

Taalfokus 3: Uitroepetekens, vraagtekens, gevoelstaal

Uitroepetekens (!) word gebruik om gevoel uit te druk, byvoorbeeld:

- "Ramkat!"
- "Ek bewonder jou!"

Vraagtekens (?) staan aan die einde van vraagsinne, byvoorbeeld:

- "Wat?"
- "Sal jy my help, asseblief?"

Gevoelstaal (ook **emotiewe taal**) is taal en styl wat die persoonlike en emosionele stempel van die skrywer of spreker dra; dit kan sterk gevoelens by die leser of luisteraar wek. Gevoelstaal is anders as nugtere, saaklike taal. Dit gebruik dikwels uitroepetekens en vraagtekens om die emosies uit te druk, byvoorbeeld:

- "Hoe kan julle so 'n gemene skurk in julle groep toelaat!"
- "Sien jy my skattige ou babatjie? Sy fyn neusie sit maar net so effens skeef."



5. Herskryf hierdie paragraaf en bring uitroepetekens en vraagtekens op gepaste plekke aan.

Hetta Gerber vertel: "Het ek nou drie wonderlike skoondogters En speel ek lekker met my oulike kleindogter Weet jy dat ons 'n week lank in Switzerland gekuier het Was jy al daar Ai, wat 'n fabelagtige plek"

Taalfokus 4: Letterlike en figuurlike gebruik van soortname

Die **letterlike gebruik** van woorde berus op die eenvoudigste en mees direkte betekenis van woorde. Die **figuurlike gebruik** van woorde is 'n sinnebeeldige, metaforiese of oordragtelike gebruik van woorde. Ons kry dit in woorde en frases soos vergelykings, personifikasie en metafore wat gebruik word om 'n spesifieke effek te verkry. In die letterkunde gebruik skrywers dikwels figuurlike taal.

"Daar is sowaar 'n slang in die gras."

Letterlik: Daar is regtig 'n slang tussen die graspolle.

Figuurlik: Daar is beslis iets baie verkeerd in die situasie.

6. Gebruik elkeen van die volgende woorde in twee sinne: die een in 'n letterlike betekenis en die ander in 'n figuurlike betekenis.
- a) pad b) brood c) dadels d) wiele e) gras



Aktiwiteit 5 Taal in konteks

(1) Hetta Gerber van Jansenville vertel dat haar drie skoondogters onderskeidelik in Nederland, Swede en Durban bly. (2) "Gelukkig het ek drie wonderlike skoondogters en voel ek baie tuis by hulle. (3) Onlangs het ek met my oulike kleindogter (sy is nou tien maande oud) gaan "speel" sodat haar ma 'n groot bouprojek kon klaarmaak. (4) Dit was heerlijk! (5) Ons het ook 'n week in Switzerland gekuier waar die kinders gaan ski het.

(6) Ek het toe ook by my jongste, Gerrit, en sy vrou in Swede gaan kuier om te sien waar hulle nes geskop het. (7) My ver kinders het my 'n *jetsetter* gemaak."

Beantwoord die volgende taalvrae oor die bostaande teks.

- Skryf die vier voorsetsels wat in die bostaande paragraaf voorkom, neer.
- Skryf die onderwerp, gesegde en voorwerp van die volgende sinne neer.
 - Ek het drie wonderlike skoondogters.
 - My ver kinders het my 'n *jetsetter* gemaak.
- Skryf die byvoeglike en bywoordelike bepalinge in die volgende sinne neer.
 - Hetta Gerber van Jansenville vertel van haar drie seuns.
 - Ons het 'n week in Switzerland gekuier.
 - My drie seuns bly in Nederland, Swede en Durban.
- Gee die trappe van vergelyking van die volgende woorde.

a) wonderlik	b) gelukkig	c) heerlijk
d) jonk	e) ver	f) tevrede
- Die uitdrukking, **om nes te skop**, word in die leesstuk gebruik. Wat is die verskil tussen die letterlike en figuurlike gebruik daarvan?
- Skryf sinonieme uit die teks vir die volgende woorde.

a) aangename (sin 2)	b) gemaklik (sin 2)
c) ontspanne (sin 2)	d) pragtige (sin 3)
e) voltooi (sin 3)	f) vakansie gehou (sin 5)
g) wêreldreisiger (sin 7)	



Spel dit só

Toets of jy hierdie woorde kan spel:

- bed-en-ontbyt-gastehuis
- e-posse
- gereelde en gereelde
- SMS'e
- vliegkaartjie
- wêrelderfenisgebied

Aktiwiteit 6 Werk met paragrawe

Pre-skryf

- Kyk hoe verhalende paragrawe geskryf word en beplan hoe om jou eie teks te skryf.
- Die volgende teks vertel hoe mense na 'n spesifieke plek gereis het, soos wanneer 'n mens vir 'n langnaweek weggaan of met vakansie gaan. Kyk hoe strategiese vrae en antwoorde gebruik word om die teks te skryf.
- Onderstreep al die beskrywende woorde wat jou help om 'n beter prentjie van die reis te vorm.
- Kyk hoe die skrywer verskillende sinslengtes afwissel om die teks interessant te maak.

Swartberg weer oop vir stappers

Vraag 1: Waarheen is jy op pad?

1. Uiteindelik kan 'n mens weer die unieke prag van die Swartberg uit die sitplek van 'n viertrekvoertuig of langs 'n staproete ervaar.

Vraag 2: Wie reis saam met jou?

2. Die dag nadat die reservaat weer oopgestel is, is ek saam met Jan Bester van True South-toere en 'n opgeleide Swartberg-gids op 'n verkenningstog.

Vraag 3: Waarlangs gaan die reis en hoe kom jy daar?

3. Sowat 30 km uit Oudtshoorn draai die R328 links na Prins Albert en die Swartbergpas. Die Swartberg is nie somer 'n hierjy-berg nie. Die Swartbergpas, wat deur Thomas Bain gebou is, is in 1988 tot 'n nasionale monument verklaar.

Vraag 4: Hoe lyk dit daar? Wat sien jy alles?

4. Kort voordat jy die pas begin klim, word die teerpad grondpad en somer gou besef jy jy is in 'n ongerepte stuk natuur.

Twee klipspringers staan bewegingloos somer teen die pad. Bo in die lug draai 'n witkruisarend, op 'n protea drink 'n oranjeborssuikerbekkie soet nektar.

Vraag 5: Waar hou julle stil? Of vertoef julle 'n rukkie? Wie is nog daar?

5. Die ark is behoorlik oop by die Berg Kombuys, 'n bed-en-ontbyt-gastehuis langs die pad. Toe ons daar aankom, is twee motorfietsryers van Kaapstad net op pad, met die belofte dat hulle binnekort agt ysterperdryers uit Kimberley gaan saambring.

Terwyl ons ontbyt eet, kom nog mense daar aan. Twee egpare uit Bloemfontein en Thabazimbi saam en die bordjie langs die pad het hul monde laat water vir roosterkoek.

Vraag 6: Wat eet julle?

6. Voor-ontbyt is 'n halwe pannekoek saam met stomende koffie. Ontbyt is roosterkoek of vetkoek, met roereier, spek en worsies. Na-ontbyt is 'n sny melkert, vir diegene wie se oë groter as hul mae is.

Vraag 7: Waarheen en hoe nou verder? Hoe lyk dit daar?

7. Ná ontbyt durf ons die berg aan. Dit het die voorlaaste nag gesneeu en êrens moet nog sneeu lê. Die ysige windjie ten spyte, is ons die berg uit met die steil paadjie langs. Jan verskaf wandelstokke, wat ek eers wil wegwys, maar gou besef ek dit help tog teen die steilte vir balans ...



'n Stapper tuur in die verte na die kronkelpad van 'n bergpas in die Outeniquaberge naby George.

- Let ook op hoe spesifieke woorde die verskillende paragrawe skakel:

Swartberg reservaat Swartberg Swartbergpas

pas teen die pad langs die pad daar ontbyt

- Beplan nou jou eie verhalende opstel oor jou eie reis of verbeelde reiservaring. Dit moet 150 tot 200 woorde (vier tot ses paragrawe) lank wees.
- Dink aan die vrae op bladsy 70 en skryf net enkele woorde neer as beplanning.

Aktiwiteit 7 Skryf 'n verhalende opstel oor 'n reis

Skryf nou die hele teks, lees dit deeglik deur en gee dit ook vir 'n maat om deur te lees. Dit help ook om dit hardop vir iemand anders voor te lees – 'n mens hoor sommer as dit nie werk nie.

Post-skryf

- Kan die leser 'n duidelike prentjie van die reis vorm omdat jy genoeg beskrywende woorde gebruik het?
- Proeflees jou opstel en maak enige spelfoute reg.
- Het jy leestekens gebruik om pouses aan te dui?
- Is daar genoeg afwisseling in jou sinslengtes?
- Skryf nou jou finale weergawe.
- Maak seker dat werkwoorde in die korrekte tydsvorme is.

